

---

**GROEIGROEP RIGLYNE**



# Die laaste week

Deur: Sebastiaan van Dyk



---

**GROEIGROEP RIGLYNE**

## DIE BELANGRIKSTE WEEK OP DIE CHRISTEN KALENDER

Ons het Sondag PALMSONDAG (Jesus se intog) gevier tydens die erediens en hierdie hele week is ons op pad na Jesus se kruisiging en opstanding toe. In hierdie riglyne gaan ons self of as groepe op weg wees saam met Jesus tot Woensdag toe. Hierna ontmoet ons as geloofsgemeenskap weer saam in die eredienste by Lux Mundi om verder op hierdie weg te loop saam met Jesus soos volg:

**Donderdag 18:30 (Aandnagmal - erediens)**

**Vrydag 09:00 (Wydingsdiens)**

**Sondag 06:00 (Vroë-oggend Paasdiens saam met ander kerke)**

**Sondag 09:00 (Opstanding-Sondag viering in die erediens)**

**Kom ons skop af met hierdie groot week op ons kalender, maar hopelik 'n groot week in jou lewe ook!**

### Maandag

**Tekste:** Markus 11:12-19 + Jeremia 7 + Jeremia 26

**Hou in gedagte:** Markus werk gereeld in sy evangelie met wat ons noem verskillende RAME. Hy sal byvoorbeeld 'n storie/insident begin (A1) en dan die storie/insident stop en 'n nuwe storie/insident (B) begin en dit weer stop iewers en dan terugkeer na storie/insident (A1) wat dan bekend staan as (A2) waarin jy A1 en B nodig het om A2 te verstaan en hierdie stories of insidente gebeur oor mekaar. Op Maandag en Dinsdag in die laaste week het ons met so 'n storie te make:

Markus 11:12-14 (Vloek op die vye boom en die dissipels hoor dit)	= A1
Markus 11:15-19 (Jesus gooi die tafels om in die tempel)	= B
Markus 11:20-21 (Die vyeboom is verdor en Petrus onthou)	= A2

Markus wil dus hê ons moet hierdie twee stories/insidente saam verstaan sodat dit wat met die vyeboom en dit wat in die tempel gebeur het mekaar interpreteer.

Maandag eerste ding is Jesus en sy dissipels weer op pad na Jerusalem nadat hulle die aand in Betanië oorgeby het net buite die stad. Hy wil vye eet van 'n boom maar daar is niks en hy vervloek die boom. Interessant sou daar vanweë die seisoen geen vye op die boom kon wees nie, dus ons moet dit metafories lees. Die rame van die tempel en die vyeboom wil ons waarsku dat die tempel in beide gevalle die sentrale probleem is. Die probleem is die afwesigheid van vrugte wat Jesus verwag het teenwoordig sou wees.

---

Maar wat was dan nou fout met die tempel?

Soos in Jeremia 7 is daar 'n sterk klem daarop dat jy nie jou sekerheid in die tempel as sulks moet soek nie, jy kan nie maar leef soos jy wil en elke dag onreg op onreg pleeg (rowers word sulke mense genoem) en dan net kerk toe gaan en dink nou is jy oraait by Jesus as jy vergifnis vra nie. Hierdie waarsku ons om weg te kom van hierdie valse "tempel" sekuriteit wat ons skep. Ja ook vir my en jou vandag. So die tempel word nie die plek waar beroof word nie maar die plek waarheen "rowers" gaan vir skuiling. Jeremia is baie duidelik dat God jou aanbedding verwerp a.g.v. jou onregte wat jy pleeg maar nooit sal God jou geregtigheid verwerp a.g.v. 'n afwesigheid van aanbedding nie - kyk maar self: Amos 5:21-24; Hossia 6:6; Miga 6:6-8; Jesaja 1:11-17.

Die boodskap is duidelik in Jeremia 7, as die tempel gebruik word as 'n plek waar "rowers" [ja, somer gewone mense wat onreg pleeg in hulle lewens] wegkruip en kom aanbid en dan weer terugkeer na jou gewone ou dinge van onreg sal God daardie tempel vernietig. Dan in Jeremia 26 is daar 'n woedende reaksie van die gesagstrukture teen Jeremia: "hoe kan Jeremia dit sê God sal mos nooit sy eie huis vernietig nie". Hulle wil hom dood maak hiervoor.

Terug by Markus 11:15-18. Hier is 'n aksie en 'n leering (hierdie kombinasie is tipies vir profetiese simbole). Belangrik om te weet dat die valuta ruilers (geld ruil vir tempel belasting) en verkopers van diere (gesalfde diere reg vir offers) was heeltemal legitiem en nodig vir die tempel se funksionering. So hoekom onderbreek Jesus die tempel se legitieme funksionering? Die eerste raam A1 kom nou oor B: die boom is "toegemaak" omdat hy nie vrugte dra nie, nou ook word die tempel "toegemaak" (simbolies) omdat daar nie vrug is nie. Hierdie "den" van "rowers" wat Jesus aanhaal in Jeremia 7 en 26 beteken nie so dat daar onreg in die tempel gepleeg word nie, maar eerder dat die tempel 'n lavenis en wegkruip plek word vir jou siel nadat jy elders onreg gepleeg het. God sal sy kerk verwerp as dit die wegkruip plek word van onreg.

Wat is die punt op Maandag: Jesus verkondig die **reeds teenwoordige** koninkryk van God teenoor beide die **reeds teenwoordige** Roomse emperiale mag en die **reeds teenwoordige** Joodse hoë priesterlike sameswering. Jerusalem moet terug gevat word deur 'n liefdevolle messias eerder as 'n geweldadige revolusie en die tempel ritueel moet geregtigheid bekragtig eerder as 'n verskoning weg van dit af. Jesus is teen 'n geweldadige sisteem van dominansie (Rome) en enige sameswering (Tempel) met dit. Jesus staan saam met Sagaria teen die emperiale intog en mag (Sondag) en saam met Jeremia teen die tempel se sameswering met ongerigtigheid. Hy staan ook teen die tipe Christenskap wat deur die eeue gebruik is om emperiale geweld en ongeregtigheid te ondersteun.

Hoe lyk jou tempel? Wat gaan daar aan? Wat beteken hierdie teks vir jou daaglikse lewe saam met Jesus? Wil jy nie oorgee aan Jesus nie en sodoende die koninkryk van God dien met al jou gawes en talente en oorvloed nie?

---